Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Bewyse vir die Opstanding

Daar is baie bewyse dat Jesus bestaan het - maar dit bewys nie noodwendig iets oor wie hy was nie. Jesus is bekend vir baie dinge, maar die mees bekende bewering oor Hom is dat hy uit die dood opgestaan het – en die hele Christelike geloof rus op hierdie bewering. Jesus het Sy eie dood voorspel (iets wat nie te moeilik vir ‘n omstrede openbare figuur sou wees nie), maar hy het ook voorspel dat hy uit die dood sou opstaan (iets wat onmoontlik is om te reël!). As Jesus wel uit die dood opgestaan het, sal dit sy leringe geldig maak, en ons sou dwaas wees om hulle te ignoreer. As hy nie uit die dood opgestaan het nie, dan kan ons Christenskap afskryf as 'n fantasie. Of ons van die persoon van Jesus hou al dan nie, is irrelevant. Of ons saamstem met Jesus se leringe, maak nie saak nie. Wat ons voel oor Christenskap, is nie ter sprake nie. As Jesus wel uit die dood opgestaan het, moet ons aandag gee aan dit wat Hy gesê het.

> 1 Korintiërs 15:14-20 (Uit die Engelse Bybel vertaal: TPT)
> En as Christus nie opgestaan het nie, was al ons prediking vir niks en jou geloof is nutteloos. [15] Verder, as die dooies nie opstaan nie, sou dit beteken dat ons valse getuies is wat God verkeerd voorstel. En dit sou beteken dat ons 'n leuen gepreek het, deur te sê dat God hom uit die dood opgewek het, as dit werklik nie die geval was nie. [16] As die dooies nie opgewek word nie, sou dit beteken dat Christus ook nie opgewek is nie. [17] En as Christus nie lewend is nie, is julle steeds verlore in julle sondes en julle geloof is 'n fantasie. [18] Dit sou ook beteken dat daardie gelowiges in Christus wat gesterf het eenvoudig vergaan het. [19] As die enigste voordeel van ons hoop in Christus beperk is tot hierdie lewe op aarde, verdien ons meer medelye as almal! [20] Maar die waarheid is, Christus is opgestaan uit die dood, as die eersteling van 'n groot opstandingsoes van die wat gesterf het.

Die Bybel self vertel ons dat as Jesus nie uit die dood opgestaan het nie, die Christelike geloof 'n nuttelose fantasie is. Dit is soos om te sê: as jy die opstanding van Christus kan weerlê, vergeet dan van hierdie "Jesus storie" en leef soos jy wil. Maar as Jesus wel uit die dood opgestaan het en vandag nog lewendig is, moet ons die oproep van die evangelie oorweeg om Hom as Here te ontvang en vir Hom te lewe. Daar kan geen opstanding wees sonder 'n dood nie - en so laat ons eers die dood van Jesus oorweeg.

Die Romeinse owerhede het die teregstelling van Jesus in die openbaar uitgevoer met baie getuies teenwoordig.

Jesus was 'n bekende openbare figuur en die nuus van sy roem, en van sy teregstelling, was wydverspreid. Onthou dat die evangelies (Matteus, Markus,

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Lukas en Johannes) beskou word as histories betroubare ooggetuieverslae. Jy kan die verhaal van Jesus se lyding en dood in Matteus 27:27-56; Markus 15:16-42; Lukas 23, en Johannes 19 lees. Neem nou die Romeinse soldate wat Jesus deur sy lyding en dood gebring het, in ag; hulle sou professionele laksmanne gewees het, en baie ernstig oor hul werk gewees het. Hulle sou opgelei gewees het om pyn en lyding toe te dien en sou geweet het hoe om iemand tereg te stel. Hulle het geweet wanneer hul taak van teregstelling voltooi was. Hulle was meedoenloos en sou geen kans gelaat het vir enige foute nie. Hulle sou seker gemaak het dat Jesus dood was. Om die dood van die misdadigers wat saam met Jesus gekruisig is te versnel, het die soldate hul bene gebreek. Dit het verseker dat hulle nie hulself sou kon oplig om asem te haal nie. Toe die soldate egter na Jesus toe kom, het hulle nie sy bene gebreek nie, omdat hulle geweet het dat hy alreeds dood was. Die Bybel teken aan hoe hulle dubbeld seker gemaak het dat Hy wel reeds dood was: hulle het ‘n spies in Sy sy ingesteek, en bloed en water het by die wond uitgeloop. Dit het verseker dat dit onmoontlik was vir Hom om te oorleef. Die Romeinse soldate het seker gemaak dat Jesus dood was.

> Matteus 27:50 (Uit die Engelse Bybel vertaal: TLB)
> Toe het Jesus weer geroep, sy gees laat vaar, en gesterf.
>
> Markus 15:37 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> En Jesus het uitgeroep met 'n luide stem en sy laaste asem uitgeblaas.
>
> Lukas 23:46 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> En toe Jesus uitgeroep het met 'n luide stem, het Hy gesê, "Vader, in u hande gee ek my gees.'" Nadat Hy dit gesê het, het Hy sy laaste asem uitgeblaas.
>
> Johannes 19:30 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> Toe Jesus die suurwyn ontvang het, het Hy gesê, —Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en sy gees oorgegee.
>
> Johannes 19:33-34 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> Maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy alreeds dood is, het hulle sy bene nie gebreek nie, maar een van die soldate het sy sy met 'n spies deurboor, en onmiddellik het bloed en water uitgekom.

Mediese deskundiges sê dat as Hy nie alreeds dood was nie, sou hierdie steek van die spies Hom doodgemaak het. Ander het tot die gevolgtrekking gekom dat die uitvloei van water en bloed uit Sy sy bewys was dat Jesus nie meer geleef het nie.

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

> Markus 15:43-45 (Uit die Engelse Bybel vertaal: AMP)
> Josef van Arimatéa het gekom, 'n prominente en gerespekteerde lid van die Raad (Sanhedrin, Joodse Hoë Hof), wat self wag op die koninkryk van God - en hy het moedig voor Pilatus ingegaan en gevra vir die liggaam van Jesus. 44 Pilatus het hom afgevra of Hy teen daardie tyd dood was [slegs ses ure na die kruisiging], en hy het die hoofman oor honderd ontbied en hom gevra of Hy al dood was. 45 En toe hy van die hoofman oor honderd leer [dat Jesus inderdaad dood was], het hy die liggaam aan Josef gegee [deur hom toestemming te gee om dit te verwyder].

Toe Josef van Arimatéa vra vir die liggaam van Christus sodat hy en Nikodemus Hom kon begrawe, het Pontius Pilatus 'n hoofman oor honderd beveel om te bevestig dat Jesus dood was. Die Romeinse goewerneur sou nie die liggaam aan Josef oorhandig het nie totdat die hoofman oor honderd seker was dat alle tekens van lewe verdwyn het. Ons kan seker wees dat 'n offisier in die Romeinse leër nie 'n fout sou maak oor 'n belangrike saak soos hierdie, veral met so 'n opspraakwekkende teregstelling nie.

Justinus die Martelaar, 'n Christelike debatteerder in die tweede eeu, het gesê dat die rekord van Jesus se kruisiging na Rome gestuur is en in die Romeinse argiewe bewaar is en vir enigiemand toeganklik was om as 'n saak van openbare rekord te sien. Jesus is deur die Romeine doodgemaak. Die dag nadat Jesus begrawe is, het Joodse godsdienstige leiers weer met Pilatus vergader om seker te maak dat die graf veilig was. Hulle het aan Pilatus gesê dat Jesus sy opstanding uit die dood op die derde dag voorspel het. Hulle het geweet dat Jesus dood was, maar het verwag dat Jesus se dissipels die illusie sou prober skep dat Hy opgestaan het deur die liggaam te steel. Pilatus het gehelp om dit te voorkom en beveel dat die amptelike seël van Rome aan die graf geheg word, wat as 'n waarskuwing aan enige grafrowers gedien het. Hierbenewens het Pilatus Romeinse soldate by die verseëlde graf geplaas om wag te hou. Enige dissipel wat die liggaam wou steel, sou verby Romeinse soldate – geharde, professionele vegters - moes kom. Ons moet onthou dat die soldate wat hier wag gehou het, ten volle toegewy aan hul werk was. Hulle was nie vriendelike en sagmoedige mans wat wag gehou het by die graf nie. Dit was ruwe, gewetenlose beroepsmoordenaars. Hulle het geweet dat die straf vir aan die slaap raak terwyl hulle wag gehou het, die dood sou gewees het - en hulle sou dit ten alle koste vermy het.

> Matteus 27:62-66 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> Op die volgende dag, wat die dag na die Voorbereiding was, het die hoofpriesters en Fariseërs bymekaargekom by Pilatus, 63 en gesê: "Meneer, ons onthou dat terwyl Hy nog leef, hoe daardie bedrieër gesê

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

> het, 'Na drie dae sal ek opstaan.‘ 64 Gee daarom bevel dat die graf veilig gemaak word tot op die derde dag, sodat sy dissipels in die nag nie kom en Hom wegneem en aan die mense sê: ‗Hy het uit die dode opgestaan.‘ So sal die laaste bedrog erger wees as die eerste. 65 Pilatus het aan hulle gesê: "Julle het 'n wag; gaan jul weë, maak dit so veilig as julle kan. 66 So het hulle gegaan en die graf veilig gemaak, die klip geseël en die wag gehou.

Die graf was onder streng Romeinse wag gehou, en tog is dit leeg gevind! Beide die Joodse en Romeinse owerhede het hul bes gedoen om Jesus in sy graf te hou. Die blote feit dat hulle die graf verseël het en wagte geplaas het om dit te beskerm - 'n baie ongewone ding in daardie tyd - het aangedui dat hulle vasberade was. As hulle die liggaam in die graf kon hou, sou die Sanhedrin en ander amptenare sekerlik die kennis van 'n besette graf as bewys teen die bewerings van die dissipels dat hulle Jesus lewendig gesien het, gebruik het. Ongelukkig vir die Joodse en Romeinse amptenare, was die probleem dat daar 'n leë graf was. Die amptenare het nie geweet waar Jesus se liggaam was nie. Sommige mense sê dat die dissipels die Romeinse soldate oorweldig en Jesus se liggaam gesteel het. Het jy ooit die rolprent Gladiator gesien? Ek betwyfel of die mans wat Jesus almal soos lafaarde in die steek gelaat het, die moed sou gehad het om die Romeinse soldate te oorrompel en 'n liggaam te steel.

"Die verkondiging van die opstanding sou nie vir 'n enkele dag, vir 'n enkele uur in Jerusalem gehandhaaf kon word as die leë graf nie as 'n feit bevestig was nie." -Paul Althus, 'n Duitse Lutherse teoloog

Daar was ooggetuieverslae van mense wat die leë graf gesien het.

Die eerste mense wat die leë graf gesien het en ander daarvan vertel het, was die vroue wat vroeg in die oggend met speserye na die graf gekom het om die dooie liggaam te salf (Markus 16:5-6). Hulle het nie verwag om by ‘n leë graf aan te kom nie.

Johannes en Petrus was die volgende om te sien dat die graf leeg was. Toe Maria en die ander vroue hulle die ongelooflike goeie nuus vertel het, het hulle gehaas om dit vir hulself te sien. Johannes het as 'n ooggetuie van hierdie gebeurtenis in Johannes, hoofstuk 20, geskryf.

Die manier waarop die owerhede gereageer het toe hulle nuus van die leë graf ontvang het, dui daarop dat daar beslis iets betekenisvol gebeur het. Die owerhede kon dit nie verduidelik nie, maar moes daarop reageer. Die Bybel stel dit soos volg:

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

> Matteus 28:11-15 (Uit die Engelse Bybel vertaal: NKJV)
> Terwyl hulle weggaan, het sommige van die wag in die stad gekom en aan die hoofpriesters al die dinge vertel wat gebeur het. [12] Toe hulle met die ouderlinge saamgekom het en oorleg gepleeg het, het hulle 'n groot som geld aan die soldate gegee [13] en gesê: "Sê vir hulle, 'Sy dissipels het in die nag gekom en Hom weggevat terwyl ons geslaap het.' [14] En as hierdie tot die goewerneur se ore kom, sal ons hom bevredig en julle veilig maak." [15] So het hulle die geld geneem en soos hulle opdrag gegee is; en hierdie sêding is onder die Jode algemeen berig tot op hierdie dag.

Hulle kon nie verduidelik waarom daar 'n leë graf was nie, en hulle kon die vermiste liggaam nie vind nie. Hulle moes hulle verwerdig tot omkoping en leuens. Hul samewerking met die wagte is 'n bewys dat daar geen liggaam in die graf was nie. Dit sou dom wees van hulle om gerugte te versprei dat die dissipels die liggaam gesteel het as Jesus nog in die graf was – hulle kon bloot Sy liggaam te voorskyn bring, en niemand sou die dissipels geglo het nie. Die feit is: Jesus het gesterf en is begrawe. En binne drie dae was die graf leeg.

Baie mense het beweer hom lewendig te sien

> 1 Korintiërs 15:3-8 (Uit die Engelse Bybel vertaal: TLB)
> Ek het aan julle oorgedra wat van die begin af aan my vertel is, dat Christus vir ons sondes gesterf het soos die Skrifte gesê het dat Hy sou, 4 en dat Hy begrawe is, en dat drie dae daarna Hy uit die graf opgestaan het soos die profete voorspel het. 5 Hy is deur Petrus gesien en later deur die res van —die Twaalf. 6 Daarna is Hy deur meer as vyfhonderd Christenbroers op een tyd gesien, waarvan die meeste nog leef, hoewel sommige intussen gesterf het. 7 Toe het Jakobus Hom gesien, en later al die apostels. 8 Laastens het ek Hom ook gesien, lank na die ander, asof ek byna te laat gebore is vir dit.

Die historiese tekste wat ons uit hierdie tydperk het, dui daarop dat baie mense beweer het dat hulle Hom (na Sy dood) lewendig gesien het. Die volgende lys dui hulle aan, met skrifverwysings:

- Maria Magdalena - Markus 16:9-11; Johannes 20:11-18
- Die ander vroue by die graf - Matteus 28:8-10
- Petrus in Jerusalem - Lukas 24:34; 1 Korintiërs 15:5
- Die twee reisigers op die pad - Markus 16:12, 13

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

- Tien dissipels agter geslote deure - Markus 16:14; Lukas 24:36-43; Johannes 20:19-25
- Al die dissipels, met Thomas (Judas uitgesluit) - Johannes 20:26-31; 1 Korintiërs 15:5
- Sewe dissipels terwyl hulle visgevang het - Johannes 21:1-14
- Elf dissipels op die berg - Matteus 28:16-20
- 'n Skare van 500 - 1 Korintiërs 15:6
- Jesus se broer Jakobus - 1 Korintiërs 15:7
- Die wat na Jesus se hemelvaart gekyk het - Lukas 24:44-49; Handelinge 1:3-8

Handelinge 1:3 (Afrikaans 1983-vertaling)
Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

As een of twee mense Hom gesien het, sou ons dit dalk in twyfel kon trek. Maar met al die bogenoemde ooggetuies het ons goeie rede om te glo dat Christus wel ná sy dood gesien is.

Hallusinasie-teorie

In 'n poging om die opstanding te ontken, sê sommige mense dat die dissipels wat Jesus "gesien" het, 'n hallusinasie beleef het wat deur hartseer veroorsaak is. Volgens definisie is 'n hallusinasie 'n diepgaande wanvoorstelling in 'n persoon se waarneming van werklikheid, tipies gepaardgaande met 'n kragtige sin van werklikheid. 'n Hallusinasie kan 'n sensoriese ervaring wees waarin 'n persoon iets sien, hoor, ruik, proe of voel wat nie daar is nie. 'n Hallusinasie is dus 'n persoonlike ervaring van iets wat onwerklik is. As jy iets hallusineer, kan ek nie dieselfde ding ervaar nie. As ons wel saam dieselfde ding ervaar het, sou dit nie 'n hallusinasie wees nie. Individuele getuies van die opgestane Christus kan moontlik as 'n hallusinasie afgeskryf word, maar Jesus het ook aan *groepe* gelowiges verskyn. Op 'n stadium het Hy selfs aan 'n skare van 500 mense verskyn (1 Korintiërs 15:6).

Sy dissipels het dramaties verander

Al die dissipels van Jesus (die mense wat die naaste aan Hom was) het Hom in die steek gelaat toe Hy gearresteer is. Toe hulle besef het dat hulle assosiasie met Jesus hul eie lewens in gevaar stel, het hulle gevlug en hulleself weggesteek, en selfs Hom verloën. Ons sien dat Petrus 'n oomblik van dapperheid gehad het met 'n swaard in 'n poging om Jesus te verdedig - hy het 'n soldaat se oor afgesny. Maar nadat Jesus die soldaat se oor genees het, het Petrus nog steeds

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

gevlug, en toe openlik drie keer Jesus verloën. Maar hier is die verbysterende deel: nadat die dissipels Jesus gesien het nadat Hy uit die dood opgestaan het, was hulle almal skielik so dapper soos leeus. Dit het gelyk asof hulle nie meer bekommerd was oor die gevolge van hulle verbintenis met Hom nie, en asof hulle nou niks meer gevrees het nie - selfs nie die dood nie. Hulle het onstuitbaar geword in hul vasberadenheid om alles vir Jesus en sy sending op te offer. En as gevolg van hul dapperheid in die evangelieboodskap en -sending, is hulle gevange geneem, bedreig en geslaan. Owerhede het hulle verbied om in die Naam van Jesus te preek, maar hulle het dapper gereageer deur te sê: "Ons moet God eerder as mense gehoorsaam" (Handelinge 5:29). Selfs nadat hulle vir hul ongehoorsaamheid teenoor Joodse godsdienstige owerhede gemartel is, het hulle nie opgehou om Jesus as die Christus te verkondig nie (Handelinge 5:42).

> Handelinge 5:29 (Afrikaans 1983-vertaling)
> Petrus en die ander apostels het geantwoord: “'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!
>
> Handelinge 5:42 (Afrikaans 1983-vertaling)
> En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.

Die dissipels het verander van lafaards tot dapper soos leeus. Niemand sou ly vir iets wat hulle weet 'n leuen is nie. Dit is moeilik vir enigiemand om skielik dapper te wees in ’n situasie waarvoor hulle onlangs bang was. Die transformasie van die dissipels is 'n bewys dat hulle werklik geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het.

Ooggetuies was bereid om vir hul bewerings oor die opgestane Christus te sterf

Die geskiedenis is vol martelaars (mense wat vir hul geloof gesterf het). Tallose mans en vroue vanuit baie verskillende godsdienste het vir hul oortuigings gesterf. Hulle het tot so ‘n mate in iets geglo dat hulle bereid was om hul lewens daarvoor neer te lê. Maar net omdat iemand bereid is om vir iets te sterf, maak dit nie waar nie. Terwyl baie sal sterf vir wat hulle glo die waarheid is, sal amper niemand sterf vir iets wat hulle weet 'n leuen is nie. Baie mense sê dat die dissipels saamgesweer het om 'n leuen te verkondig dat Jesus uit die dood opgestaan het. Hierdie mense glo dat die dissipels op een of ander manier Jesus se liggaam gesteel het (wat onder baie sterk Romeinse beskerming was) om sy opstanding te vervals. Waarom sou hulle dit doen as dit beteken dat hulle waarskynlik gestraf of vermoor sou word daarvoor? Daar was geen finansiële, politieke of ander gewin vir hulle as so 'n leuen versprei het nie. Hulle het gesterf vir hul bewerings dat hulle Jesus lewendig gesien het; opgestaan uit die dood!

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Hulle het gesterf vir hul bewering dat Jesus Christus nie net vir hulle sondes gesterf het nie, maar dat hy fisies uit die dood opgestaan het, wat bewys het dat Hy God was – net soos Hy gesê het. Hulle het gesterf vir 'n waarheid wat hulle persoonlik gesien en beleef het.

> 1 Johannes 1:1 (Afrikaans 1983-vertaling)
> Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.

Petrus sou nooit op 'n kruis onderstebo gehang het vir 'n storie wat hy opgemaak het om mense te probeer mislei nie. Markus sou nie deur die strate na sy dood gesleep gewees het as hy geweet het dat dit wat hy verkondig het, 'n sprokie was nie. Jakobus sou nie onthoof gewees het vir iets wat hy geweet het vals was nie. Tomas sou nie met 'n lans deurboor gewees het vir 'n leuen nie. En tog vertel die geskiedenis ons dat hierdie manne (en baie ander) almal vreeslike dode gesterf het omdat hulle die opgestane Christus ontmoet het en nie stil kon bly daaroor nie. Hulle dapperheid in die aangesig van die dood is 'n getuienis van die waarheid waarvoor hulle gestaan het.

Die Joodse gelowiges het hul aanbiddingsdag verander nadat hulle bekeer het om Jesus te volg.

Die Sabbatdag is 'n Joodse dag van rus en aanbidding vanaf sonsondergang op Vrydae tot sonsondergang op Saterdae. Die Sabbat is 'n belangrike godsdienstige hoeksteen vir die Jode - enige Jood wat die Sabbat nie eer nie, was skuldig daaraan dat hy die wet van Moses oortree. Maar Jode wat Christus gevolg het, het begin om op 'n nuwe dag - Sondag - met heidense gelowiges te aanbid. Dit was 'n groot verandering wat hulle total van hul Joodse erfenis sou skei. Die eerste dag van die week (Sondag) is die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het, en so het gelowiges gekies om op 'n Sondag vir aanbidding bymekaar te kom. Die Christendom was meer as 'n vernuwing van die Judaïsme. Die eerste Jode wat volgelinge van die opgestane Christus geword het, het geglo dat die dood en opstanding van Christus die weg gebaan het vir 'n nuwe verhouding met God - nie gebaseer op die wet van Moses nie, maar op die sonde-draende, lewensgewende offer en die oorwinning oor die dood van die beloofde Messias, Jesus.

Alhoewel Jesus se opstanding uit die dood onverwags was, was dit duidelik voorspel in die Ou Testament - en deur Jesus self.

Jesaja het voorspel van 'n lydende kneg wat deur sy mense verwerp sou word.

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Jesaja 53:3 (Afrikaans 1983-vertaling)
Hy was verag en deur die mense verstoot,'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

Matteus 27:1-2,23-25 (Afrikaans 1983-vertaling)
Die môre vroeg het al die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk die besluit geneem om Jesus dood te maak. 2Hulle het Hom geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus, die goewerneur, uitgelewer. [23] Hy vra: “Watter kwaad het hy dan gedoen?” Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!” 24 Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid.” 25 Toe antwoord die hele volk: “Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!”

In die Ou Testament vind ons ook spesifieke besonderhede oor die komende Messias, sy dood en opstanding. Dit is ook byvoorbeeld voorspel dat Hy saam met rowers gekruisig sou word.

Jesaja 53:12 (Afrikaans 2020-vertaling)
Daarom sal Ek aan hom 'n deel gee onder baie; en met magtiges sal hy buit verdeel, omdat hy sy lewe blootgestel het aan die dood, en by oortreders gereken is. Hy het egter die sonde van baie gedra; vir oortreders het hy ingetree.

Markus 15:27 (Afrikaans 2020-vertaling)
Met Hom is ook twee rowers gekruisig, een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant.

Daar is meer as 300 profesieë in die Ou Testament oor Jesus; Sy lewe, dood en opstanding. Jesus self het baie kere gesê dat Hy na Jerusalem sou gaan en sterf, maar dat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan (Matteus 9:15; 12:40; 16:21-23; 17:22-23; 20:17-19). Hy het sy dood duidelik voorspel en Hy het ook sy opstanding duidelik voorspel.

Die eksponensiële groei van Christenskap

As mens logies daaroor dink, moes die dood van Jesus eintlik die groei van Christenskap gestuit het voordat dit selfs begin het. Maar die geskiedenis wys ons duidelik dat die aantal bekeerlinge eksponensieel vermenigvuldig het,

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

daagliks toegeneem het, en dat dit vandag steeds aanhou. Iemand wat bloot gesterf het, kan nie hierdie tipe verandering teweeg bring nie. Die Kanadese wetenskaplike G. B. Hardy het eens gesê: "Toe ek godsdiens begin oorweeg het, het ek gesê: Ek het twee vrae. Een, het iemand ooit die dood oorwin, en twee, as hulle dit gedoen het, het hulle dit moontlik gemaak vir my om die dood te oorwin? Ek het die graf van Boeddha gaan opsoek, en dit was beset, en ek het die graf van Confucius nagegaan en dit was beset, en ek het die graf van Mohammed nagegaan en dit was beset, en ek het na die graf van Jesus gekom en dit was leeg. En ek het gesê: Daar is een wat die dood oorwin het. En ek het die tweede vraag gevra, Het Hy 'n manier gemaak vir my om dit te doen? En ek het die Bybel oopgemaak en ontdek dat Hy gesê het, 'Omdat Ek lewe, sal julle ook lewe'. Twis soos julle wil, daar is geen punt om 'n verloorder te volg nie."

Hoekom is die opstanding so belangrik?

Die opstanding van Jesus is die uiteindelike bewys van die waarheid van sy boodskap: die evangelie. Dit dien ook om te bewys dat Hy wel is wie Hy gesê het Hy is: God. Dit beteken dat ons moet waarde heg aan, en aanvaar, wat Hy gesê het. Dit moet ons lei om sy evangelieboodskap te glo en 'n evangelielewe te begin leef. Die opstanding van Jesus maak die Christendom anders as elke ander godsdiens, omdat ons te doen het met 'n werklike, lewende persoon, nie net beginsels nie. Soos Johannes gesê het:

> 1 Johannes 1:1-3 (Afrikaans 2020-vertaling)
> Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aandagtig bekyk het, en wat ons hande aangeraak het aangaande die Woord van die Lewe, dit verkondig ons aan julle. 2Dié lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig daarvan, en verkondig aan julle die ewige lewe, wat by die Vader was, en aan ons geopenbaar is. 3Ja, wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons ook aan julle, sodat ook julle aan ons verbonde kan wees. En ons verbondenheid is aan die Vader en aan sy Seun Jesus Christus.

Christenskap is 'n verhouding met 'n werklike person, wat leef.

> 1 Korintiërs 15:17-19 (Afrikaans 2020-vertaling)
> En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs, en is julle steeds in julle sondes. 18Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore. 19Indien ons hoop slegs vir hierdie lewe op Christus gevestig is, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

Omdat Christus uit die dood opgestaan het, is ons nie in ons sondes nie. Alle sonde is vergewe (Hebreërs 9:12 en 1 Johannes 2:2). En wanneer ons in Jesus glo

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

- wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het - word ons gered van ewige vernietiging en ontvang ons die geskenk van die ewige lewe (Johannes 3:16), en deur sy Gees kom Hy om vir ewig in ons te woon (Efesiërs 1:13; Romeine 8:9; 1 Korintiërs 6:19).

Vrae om oor na te dink

1. Vraag vir groepbespreking: Is daar iets in hierdie les wat jy nie verstaan het nie?
2. Wat staan vir jou uit in hierdie les?
3. Glo jy dat Jesus uit die dood opgestaan het? Waarom?
4. Wat beteken die opstanding van Christus vir jou persoonlik?